19 September **Skrifgedeelte: Romeine 2:17-29**
Fokusgedeelte: Romeine 2:29

Die goeie nuus: God vra hartsbesnydenis

God se goeie nuus werk so totaal anders. Sy goeie nuus bewerk nie in die eerste plek groot uiterlike statussimbole nie. Uiterlike sekerheid is nie die kern van God se goeie nuus nie. Dit uiterlike voortreflikhede (verse 17–20) waarmee die Jood graag geestelik gepronk het, dien voor God nie die doel om iemand voor Hom aansienlik te maak nie. Dit geld ook die besnydenis wat vir die Jood ‘n saak van geweldige trots was. God se goeie nuus is dat die liggaamlike besnydenis geen waarde het as dit nie met ware gehoorsaamheid gepaard gaan nie. Wat van belang is, is ‘n mensehart wat besny is, met ander woorde, ’n hart wat waarlik verander is om God se wil te gehoorsaam. Die besnede hart is nie met hande besny nie, maar deur die werking van die Heilige Gees. Dit is God se toets nie net vir die Jood nie, maar vir elkeen van sy kinders. Ek word gemeet nie aan uiterlike geestelik simbole nie maar aan iets dieper as die uiterlike, die binnekant van my hart. Nederig moet ek voor God buig met die besef dat ek in werklikheid geestelik bankrot is. Ek is ‘n bedelaar wat smeek: besny my hart en stroop my van vertroue op uiterlike dinge alleen.

Omdat God harte vra wat besny is, roep ek: “Neig my hart en voeg dit saam…” Dit smeek ek om te kan lewe en in Jesus Christus, wat versoening vir onbesnede harte bewerk het, krag en die begeerte te ontvang om God in volledige toewyding te dien; my blydskap in die Here oor te vertel; die vreugde van my kindskap uit te lewe; sagmoedig en nederig en dankbaar ander mense se lewens te verryk.

Hoe anders is God se goeie nuus tog nie! Die evangelie van God se genade in vryspraak is nie bedoel vir voortreflike vromes nie, maar vir jou. Jy wat sê en dankbaar weet: My Here, hoewel oneindig hoog, slaan die oog op my wat met ‘n besnede hart nederig lewe.

Sing: Psalm 138:3 Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)